LUG JOU MENING

2019 HERSIENE FISKALE RAAMWERK EN INKOMSTE VOORSTELLE (MEDIUMTERMY BEGROTINGSBELEIDSVERKLARING [MTBBV]).

UITNODIGING OM OPENBARE VOORLEGGINGS EN KOMMENTAAR

Die Staande Komitee oor Finansies en die Gekose Komitee oor Finansies nooi belanghebbendes en belangstellendes uit om skriftelike voorleggings te doen oor die 2019 Hersiene Fiskale Raamwerk en Inkomste Voorstelle (MTBBV) wat op 30 Oktober 2019 ter tafel gelê sal word.

Die Minister van Finansies (die Minister) sal die Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring (MTBBV) op 30 Oktober 2019 voor die Parlement ter tafel lê. Deur die tertafellegging van die MTBBV sal die Minister sy verpligting onder artikel 28 van die Public Finance Management Act of 1999 (PFMA) nakom wat vereis dat die Minister die veeljarige begrotingsuitstekkings vir inkomste, uitgawes en belangrike makro-ekonomiese uitstekkings op 'n jaarlikse basis ter tafel lê. Daarbenemens sal die Minister ook sy verpligting onder artikel 6(1) van die Money Bills Amendment Procedure and Related Matters Act of 2009 nakom wat vereis dat die Minister die MTBBV aan die Parlement voorlê.

Openbare verhore sal op Woensdag, 06 November 2019 by die Parlement aangevoer word.

Voorleggings en aanduidings om mondelinge aanbieding moet teen nie later nie as 12:00 op Dinsdag, 05 November 2019 ontvang word.

Voorleggings moet gerig word aan die Komiteesekretaris, mnr Allen Wicomb en mnr Arico Kotze (Staande Komitee oor Finansies) en mnr Nkululeko Mangweni (Gekose Komitee oor Finansies), 3de Vloer, Pleinstraat 90, Kaapstad 8000 of by awicomb@parliament.gov.za / akotze@parliament.gov.za / nmangweni@parliament.gov.za telefoonnommer 021 403 3759 / 021 403 3662 / 021 403 3782 of per faks: 021 403 3942.

Kopieë van die 2019 MTBBV sal op 30 Oktober 2019 beskikbaar wees by www.treasury.gov.za

Uitgereik deur agb J Maswanganyi, LP, Voorsitter: Staandekomitee oor Finansies (Nasionale Vergadering) en agb YI Carrim, LP, Voorsitter: Gekose Komitee oor Finansies (Nasionale Raad van Provinsies).

Parliament. Making Democracy Work.

www.ayandambanga.co.za RAPPORT AFR 137728 www.thecandocompany.co.za